Byvoegmiddel

Wenk van die Maand

September 2020

BYVOEGMIDDELS VERLAAG EN VERHOOG DIE NOMMERS

Byvoegmiddels word al vir dekades in Suid-Afrika gebruik. Baie mense waardeer egter nie die waarde wat byvoegmiddels aan gewasbeskermingsproduk (GBP) toedienings verskaf nie. Byvoegmiddels word dus nog dikwels as ‘n opsionele ekstra beskou wat weggelaat kan word om kostes te bespaar.

Oor die afgelope paar jaar het Villa met verskeie geleenthede bevestig dat byvoegmiddels ‘n integrale deel van baie GBP toedienings is en nooit as ‘n luuksheid beskou moet word nie. Soos dit in verskeie vorige uitgawes van die Wenk bespreek is, is dit ‘n nommerspel. Met byvoegmiddels gaan dit alles oor die VERLAGING of VERHOGING van die nommers!

- Sout byvoegmiddels verlaag die effek van opgeloste antagonistiese katione in die spuitwater om sodoende die hoeveelheid onkruiddoder wat vir opname beskikbaar is te verhoog.

- Buffers verlaag insekdoder afbraak in hoë pH water (alkaliese hidroliese) om sodoende die produkdosis wat vir plaagbeheer beskikbaar is, te verhoog.

- Neerslag hulpmiddels verlaag die wegdryfbare fyn druppels om bedekking en diepte van blaredak indringing te verhoog, terwyl dit die druppel verdamping en wegdrywing verlaag.

- Benatters en olies verlaag die oppervlaktespanning van die spuitoplossing om druppel afspat te verlaag en om behould, bedekking en druppelverspreiding te verhoog. Dit verhoog ook die opname.

- Kleefmiddels verlaag die afwas van sekere kontak swam- en insekdoders om die produk wat oor tyd beskikbaar is, te verhoog.

- Herbenatters verlaag die effek van lae lugvog toestande op GBP deur die druppel afdroogtyd te verhoog. Deur dit te doen, word die opname verhoog.

Villa se mening

Dit gaan alles oor die nommers. Byvoegmiddels verlaag die effektiwiteit-stremmende buite faktore om GBP werking te verhoog. Dit is ‘n integrale deel van enige gewasbeskermingsprogram en dit moet nooit as ‘n opsionele ekstra of as ‘n luuksheid beskou word nie.

Indien ‘n byvoegmiddel met ‘n spesifieke GBP toediening geregistreer is, behoort dit ingesluit te word. Indien die geregistreerde byvoegmiddel nie gebruik word nie, of met ‘n ander produk vervang word, kan die effektiwiteit van die GBP benadeel word of dit kan selfs gewasskade veroorsaak.

Kontak Brian de Villiers vir meer inligting oor byvoegmiddels en waterkwaliteit by
082 880 0974 of
bdevilliers@villacrop.co.za

villa